

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek sal nie weer so 'n lang en vervelige brief skryf nie. Dit lyk nie asof daar enige belangstelling in die straatname van ou Pretoria is nie. [slegs 2 persone van die meer as 100 wat die brief ontvang het het van hulle laat hoor] Hierdie is dus die laaste brief oor die straatname. Ek het 'n baie interessante foto ontdek wat ek volgende maand met u sal deel.

Palacestraat

Na aanleiding van die vorige brief oor William Skinner [en die skool wat hy gebou het] die volgende oor die ontstaan van Palace Straat. Hieronder is 'n foto van die noord westelike hoek van Kerkplein. Dit is waar die Paleis van Justisie vandag staan. Links is die eerste skoolgebou in Pretoria wat deur William Skinner gebou is, regs daarvan die sinkgebou wat o.a. gebruik was as tydelike kantore vir Christiaan Joubert, die kommissaris van mynbou. Die groot huis regs was oorspronklik gebou as woonhuis vir President Pretorius maar is later deur die kerk gebruik as pastorie vir ds. Begeman.

Ek dwaal nou al weer van die punt af maar 'n interessante stukkie "geskiedenis" is die volgende: In 1862 terwyl William Skinner in Vermeulenstraat gewoon het het sy perde een nag losgekom en die tuin van ds. Begeman verwoes. Die brief wat ds. Begeman aan die Volksraad oor die aangeleentheid geskryf het bestaan vandag nog in die staatsargiewe.



Kerkplein [of Markplein] het in daardie dae slegs vier toegangstrate gehad. Op die 24^{ste} Maart 1885 is daar 'n petisie aan die Uitvoerende Komitee gestuur waarin daar gevra word vir 'n pad links van die skoolgebou na Vermeulenstraat. Dit sou egter nodig wees om ongeveer 25 voet van die "oude School gebou" af te breek. Die persone wat die petisie opgestel het het ondermeen om op hul eie koste die deel af te breek en die gewel weer op te bou. Hulle beweer dit sal "eene groote verbetering en selfs verfraaijing van de stad" wees. Op die 30^{ste} April is hul versoek goedgekeur.

Daar het egter niks van hul planne gekom nie en die gewel van die ou skool is nooit afgebreek nie. Die ses persone/instansies wat die petisie onderteken het is die volgende. Hulle was almal lede van die Pretoria Klub en dit is seker daar waar die idee van 'n nuwe straat ontstaan het.

Cornforth & Co.

Afslaer H. Cornforth.

Hubertus J. Juta

Werksaan as administratiewe beampte van die Transvaal Board of Executors and Trust company. Hy is oorlede in 1888 in die ouderdom van 28 jaar.

D.M. Kisch

Daniel Montagu Kich was ‘n man van vele talente. In die Volksstem van 1885 beskryf hy homself as “Land, estate and House agent, Auditor and Accountant” en dan was hy ook die agent vir die “Glasgow South African Company’s Block Industria New Scotland.” Hy het later ook ‘n stoom saagmeule besit. Hy het gewoon in Sprowston Lodge in Scheidingstraat.

P.J. Marais

Ook genoem Lang Piet Marais. Hy was ‘n handelaar.

A.H. Nellmapius

Oor hom kan daar ‘n boek geskryf word maar hy sal veral onthou word as spekulant en prospekterder. Hy het eers gebly in Albert House in Vermeulenstraat en later op sy plaas wat na sy dogter Irene genoem is.

Jorissen & Tobias

Dr. E.J.P. Jorissen en Dr. Tobias was prokureurs en advokate.

Bloedstaat

Die volgende uit Andrews en Ploeger se boek oor die straatname van ou Pretoria. Die straat se vroeëre naam is onbekend. Die huidige naam roep ‘n episode tydens die Rebelle van 1862-1863 in herinnering, toe kommandant-generaal Stephanus Schoeman se eiendom, Klein Schoemansdal, deur ‘n mag onder kommandant S.J.P. Kruger [1825-1904] omsingel is om enigiemand te verhoed om in of uit te gaan. [Klein Schoemansdal was in die omgewing van die huidige Dieretuin geleë]

Daar word geglo dat ‘n seun van landdros F. du Toit, onbewus van die situasie, sy perd opgesaal het om vir die generaal te gaan kuier, Berigte oor wat toe gebeur het, wissel. Dit was Sondag, 14 September 1862, ‘n stormagtige, winderige dag, en die wag se roep, “Halt, wie gaan daar” is nie gehoor nie of nie op gereageer nie. Skote is geskiet en bloed het gevloei. Sommige verslae lui dat Du Toit gedood is; ander dat hy gewond is; en die derde groep hou val dat dit die perd was wat getref is.

Die volgende wat ek in ‘n argief jaarboek gelees het mag meer lig op die gebeure werp.

Die volgende brief geskryf deur A.F. du Toit is opgeneem in die Notule van die Suid-Afrikaanse Republiek Deel VI. Die brief is is gedateer Koedoespoort 17 Julie 1865.

Hy bekla sy lot en skryf dat hy in treurige en droewige armoede ingedompel is. Volgens hom het ander persone o.m. St. Schoeman, en sy seun Hendrik vergoeding ontvang vir skade wat hulle gely het tydens die opstand. Hy eis die volgende:

Sy wettige salaris vir 2 jaar en ses maande	Rds.	2500
Dan myn paard gedood agter silkaatsnek, kost my selfs		500
Myn paard gedood op Zondag, die my self meer kost dan		1000
Voor myn soon Jacobus een jaarlyks onderhoud naar U geweten		
En dan de gestolen geld van myn soon Andries uit zyn sak toen hy in De blok lag, £15, pyp £3		240

Hy vra dat hulle sy saak voor die Volksraad sal lê of hom die geleentheid sal gee om dit te doen.

[Die perd gedood op Sondag en die besering van sy seun hou verband met die gebeure waar Bloedstraat sy naam gekry het. Op die dag is sy perd doodgeskiet en dit lyk asof sy seun Jacobus sodanig beseer is dat hy ‘n jaarlikse onderhoud nodig het.]

Op 20 Julie 1865 ontvang hy die volgende antwoord van staatsekretaris H. van der Linden: Die droewige toestande van die land laat nie toe dat privaat sake behandel kan word nie. [Dit lyk dus nie asof hy enige geld ontvang het nie.]

Onthou die bronnelys is op aanvraag beskikbaar. Groete tot volgende maand

Rosa Swanepoel

Dagsê Ben,

Gaaf om weer van jou te hoor. Die staatsargiewe is nou in 'n groot gebou in Hamiltonstraat. Dit is 'n eenrigting straat en die gebou is aan jou linkerkant. Ek het ongelukkig nie die nommer nie, jy sal dit seker in die telefoongids kan kry. Daar is ook baie parkeerplek beskikbaar.

Behalwe Andrews en Ploeger het ek hoofsaaklik die volgende bronne gebruik.

Paleisstraat Pretoriana nommer 4 p016

Bloedstraat Pretoriana nommer 1 p017

Bloedstraat Breytenbach, J.H. Notule van die S.A.Rep. Volksraad deel 6 [1866-1867]

Vreugde en voorspoed vir jou in die feesseisoen. Groete Rosa Swanepoel

Bibliografie

Pretoriana Deel p 006 Oorsprong van Palace Street

Atkinson Old Ivory and Roses p68-72

AND-01 Andrews, Tom ea. *Straat- en Plekname van Ou-Pretoria* 1989 J.L. van Schaik

ARG-06 Breytenbach, J.H. *Notule van S.A.Rep Volksraad deel 6 [1866-1867]* 1956
Cape Times Limited

PR-001 Pretoriana Deel 1 Nommer 1 1951
F.J. du T. Spies. *Die oorsprong van ons straatmane.*